



AFSONDERING EN 'N HEILIGE LEWE

SLEUTELTEKS

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring (2 Kor. 7:1).

2 Korinthiërs 6:14. Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? **15.** En watter ooreenstemming het Christus met Béliäl, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? **16.** Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. **17.** Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; **18.** en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

1 Johannes 2:15. Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. **16.** Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. **17.** En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

1 Timótheus 2:8. Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis. **9.** So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pèrels of kosbare klere nie, **10.** maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke.

Agtergrondverwysings

Joh. 17:14-16; 1 Pet. 3:8-12

Toewydingsgedeelte

Kolossense 2:6-15

Sentrale Waarheid:

Heiligheid van hart berei 'n mens voor om rein en heilig in 'n onrein wêreld te leef.



UITEENSETTING VAN DIE LES

INLEIDING

Die verskil tussen die gelowige en die ongelowige, die regverdige en die bose, die heilige en die onheilige, die godvresende en die wêreldgesinde, is meer as blote name. Die verskil is basies dié van teenoorgestelde en antagonistiese nature.

Geregtigheid of heiligheid is die wesenlike natuur van God. Dit wat regverdig en heilig is, is in harmonie met die morele natuur van God. Dit wat sondig en onheilig is, is so omdat dit in disharmonie met die heilige, morele natuur van God is, en is dus antagonisties teenoor dit.

Sonde en wêreldsgesindheid is meer as net die willekeurige besluite van die mens – dit is die morele, etiese en geestelike eienskappe van sy natuur. Die uiterlike manifestasies daarvan is baie ernstig omdat dit die morele toestand van die persoon se natuur aandui, wat in vyandskap met God is (Jak. 4:4; Rom. 8:7).

Die vyand van God, van die kerk, van heiligheid en van geestelike, doen alles wat hy kan en gebruik ook almal wat met hom wil saamwerk, om elke instelling of invloed van die ware godsdiens te neutraliseer, ongeldig te verklaar en te vernietig. Die goddelike oproep gaan egter nog steeds uit vir reinheid en afsondering van die wêreld, wat deur heiligheid en godvresendheid weerspieël sal word en wat sonde en wêreldsgesindheid as magte sal openbaar wat teen God is.



1. AFSONDERING IN LEWENSTYL (2 Korinthiërs 6:14-18)

Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie (v. 14). Die verwysing hier blyk na die Ou Testamentiese verbod te verwys om 'n os en 'n donkie saam in te span, of om klere te dra wat van gemengde stowwe gemaak is. Hierdie verbodsbepalings op vermenging het 'n dieper betekenis as 'n blote ritueel of 'n reël. Dit openbaar die onverenigbaarheid van dubbelhartigheid met die enkelvoudig heilige natuur van God. In hierdie gedeelte bepaal Paulus hoofsaaklik 'n beginsel vir die huwelik, maar dit het 'n baie wyer toepassing. Dit is ook net soveel op mans se belange en plesier van toepassing.

Watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid? Dié kontras dui op die totaal onmoontlike. Gemeenskap tussen geregtigheid en ongeregtigheid is 'n morele onmoontlikheid. Hierdie twee magte is inherent en absoluut in 'n dodelike konflik met mekaar.

Watter gemeenskap het die lig met die duisternis? Daar is geen gronde vir 'n naasbestaan tussen lig en duisternis nie. Die een vernietig die ander een volkome.

Watter ooreenstemming het Christus met Béliäl? (v. 15). Die term "Béliäl" het in die Bybel op Satan betrekking. In **Génesis 3:15** word die absolute antagonisme tussen Christus en Satan aangetoon. Dit beskryf die geweldige hou wat Satan gee

in 'n poging om die Seun van God wat uit 'n maagd gebore is, te vernietig, maar dié hou het net die hakskeen van die Seun gewond. Dié hakskeen sal egter die kop van Satan vermorsel en hom doodmaak.

Watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Geloof kan so min met ongeloof meng as wat lig en duisternis, of sonde en heiligheid kan meng.

Julle is die tempel van die lewende God (v. 16). Die menslike persoonlikheid is basies geestelik. As sodanig is dit in 'n bondgenootskap met een van die twee teenoorgestelde geestelike koninkryke in die wêreld. Die menslike gees word óf deur God óf deur Satan bewoon en beheer. Dit is 'n byna ondenkbare eer en voorreg dat die lewende God aanbied om die menslike gees te bewoon (Ef. 3:16-19). Om die inwoning van die Here te hê, is om volkome vervulling te ervaar. Om Satan se afgode as gode te hê, is soos om as te eet en met niks vervul te wees nie (1 Kor. 8:4; Jes. 44:20).

Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Dit is wonderlik dat God gewillig is om met diegene te identifiseer wat vroeër sy vyande was. Die feit is dat Hy die inisiatief geneem het om die mens sy eie te maak deur hom te red en met hom te identifiseer deur die prys te betaal om hom vir Homself vry te koop.

Daarom, gaan onder hulle uit (v. 17). Dit is die belangrikste gevegsterrein. Indien jy aan die Here behoort en met Hom identifiseer, moet jy innerlik én uiterlik van identiteit verander. Dit is onmoontlik om terselfdertyd met God én met sy vyande te identifiseer wat teen Hom gekant is. Die werklike krisis is dus 'n identiteitskrisis.

Julle sal vir My seuns en dogters wees (v. 18). Hier is nie van 'n universele vaderskap sprake nie. Indien jy God as jou vader wil hê, moet jy eers vir die sonde sterf en volkome daarvan bevry word. **Die Here, die Almagtige,** kan hierdie wonderwerk vir jou doen.



2. AFSONDERING VAN BEGEERLIKHEDE (1 Johannes 2:15-17)

Moenie die wêreld liefhê nie (v. 15). Hierdie vers verbied ons nie om die wêreld van mense lief te hê nie, want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Homself daarvoor gegee het. Ons moet óók die mensdom in die wêreld liefhê en vir God probeer wen. Die stelling om nie die wêreld lief te hê nie, is ook nie 'n veroordeling van die regte waardering en bewaring van die natuurlike wêreld nie. Nadat God die aarde geskape het, het Hy gesê dat dit "baie goed" is. Dit is nie vekeerd nie, maar ons plig, om lief te hê wat God liefhet. Die wêreld wat ons as Christene nié moet liefhê nie, is "die teenwoordige bese wêreld" (Gal. 1:4). Dit is die huidige toestand van vervreemding en opposisie teenoor God waarin die menslike lewe verval het. Dit kan verder gedefinieer word as die hele materialistiese en humanistiese stelsel van mense, plekke, instellings, ideale en plesier wat buite God georganiseer is, waarvan Hy uitgesluit is en waarin sy wil en werke geïgnoreer word. As iemand hierdie wêreldse stelsel wat vyandig teenoor God is, liefhet, dan kan hy God nie liefhê nie – en andersom.

Alles wat in die wêreld is (v. 16) word gedemonstreer deur **die begeerlikheid van die vlees**, wat die drang na sensuele bevrediging is, **die begeerlikheid van die oë**, wat die oorheersende passie is om alles te wil hê wat vir jou mooi is en **die grootsheid van die lewe**, wat 'n verhewe sin van jou eie belangrikheid as gevolg van jou rykdom en posisie is. Al hierdie ingesteldhede staan teenoor die natuur van God en dus ook teen 'n werklike Christelike ondervinding.

Hy wat die wil van God doen, bly vir ewig (v. 17). Enigiets wat wêreldse is, is tydelik. Morele en geestelike prestasies hou nie net in hierdie wêreld stand nie, maar ook in die volgende. Daar is geen vreugde wat vergelyk kan word met dié wat deur morele en geestelike daade ervaar word nie. Dit bring hier blydskap in die siel en sal ook die bron van ewige vreugde in die hemel wees.



3. AFSONDERING VAN VERSIERINGS (1 Timótheus 2:8-10)

Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef (v. 8). Dit beteken dat oral waar mense saamkom om God te dien, of waar daar menslike behoeftes is, dit paslik is om te bid. Gebede uit groot katedrale en kerke is nie vir God meer aaneemlik as gebede wat in die nederigste kerkie of die armste huis gebid word nie. Gebed bring die hemel en aarde bymekaar en verseker geestelike én materiële seëninge wat nie sonder gebed verkry sou word nie (Matt. 7:7-8). God beperk nie die aanbieder tot een of ander uiterlike houding nie, maar stel besliste standaarde or die karakter van die een wat bid. Die ophef van heilige hande dui op eerbied, ontsag, afhanklikheid, onderworpenheid en verwagting. Daardie hande moenie deur onvergeefde sonde besmet wees nie en die gees moet vry van afkerigheid en 'n gebrek aan geloof in God wees. Die motiewe van die een wat bid, sowel as sy uiterlike handeling, moet suiwer wees.

Die vroue moet hulle versier met behoorlike kleding (v. 9). God het sy houding teenoor naaktheid en onbehoorlikheid in die Tuin van Eden getoon toe Hy vir die eerste menslike paartjie klere gemaak het. Sedert die sondeval was daar 'n regstreekse verband tussen onbehoorlike kleding en immoraliteit. Dawid se sonde is aangewakker toe hy na die naakte Bátseba gekyk het. Paulus stel die uitdaging dat aangesien die Here so baie in die Christene belê het, hulle Hom moet verheerlik in hulle liggaam én gees wat aan God behoort.

Naaktheid en onbehoorlike kleding is 'n skande vir 'n persoon wat in dié toestand is en 'n belediging vir 'n heilige God. Enige aktiwiteit waarvoor behoorlike kleding onwaardig is, is ook 'n onwaardige aktiwiteit. **Nie met vlegsels nie**, m.a.w. uitspattige en dekoratiewe haarstyle. Hulle skoonheid moenie deur oordadige hooftooisels en opgesmuktheid met juwele en fyn linne geskep word nie, maar deur hulle innerlike persoonlikheid – die onverwelklike skoonheid van 'n stille en sagmoedige gees, wat kosbaar in die oë van God is. Christene moet eg wees en nie kunsmatig deur kunsmatige bedekkings nie.

Soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely (v. 10). Dit is nie per toeval dat ingetoënheid en basiese skoonheid die kenmerke van Christene in die wêreld is nie. Dit is 'n eer vir 'n persoon én vir God indien andere hom vir 'n Christen aansien. Dit sou beslis nie tot die eer van God of van 'n Christen wees indien hy weens sy gedrag as 'n sondaar beskou sou word nie. 'n Persoon is 'n verraaier as hy die vyand se kleredrag aanhet. Dit is 'n wonderlike voorreg om met God, die Bybel, heiligheid en heilige mense geïdentifiseer te word.



KOMMENTAAR OOR DIE SLEUTELTEKS

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons heiligmaking in die vrees van God volbring (2 Kor. 7:1).

Hierdie beloftes waarvan Paulus praat, word in die laaste paar verse van hoofstuk 6 genoem. Dit word aan weergebore mense gemaak, en is groot en kosbaar. Dit word gegee op voorwaarde dat God se kinders onder die ongelowige, sondige wêreld uitgaan, hulle afsonder en nie aanraak wat onrein is nie (2 Kor. 6:16-18). "Hierdie beloftes" is: (1) Ek sal in hulle woon. (2) Ek sal onder julle wandel. (3) Ek sal julle God wees. (4) Julle sal vir My 'n volk wees. (5) Ek sal julle in 'n vader-kind-verhouding aanneem.

Besoedeling van die vlees. Korinthe was 'n baie losbandige stad en die Christene daar is uit 'n lae, vuil lewe gered. Miskien het sonde nie vir hulle so uitermate sleg gelyk as wat dit werklik is nie. Daar was gruwelike immoraliteit onder hulle (1 Kor. 5). In die lig hiervan is spesiale waarskuwings oor uiterlike sondes gegee waarin 'n sondige gees van die liggaam gebruik maak, bv. afgodediens, dronkenskap, hoerery, owerspel, lastertaal, bakleiery, bedrog ens. Deur hierdie vleeslike sondes te doen, word die liggaam én gees besoedel. Hoe meer hulle hierdie sondes gedoen het, hoe groter was die besoedeling. Verder is dit ook so dat hoe meer 'n mens aan die hartstogte van die sondige vlees toegee, hoe sterker word die versoekings en hoe swakker die weerstand.

Omdat die liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is, moet sorg gedra word om skadelike gewoontes soos tabak- en alkoholgebruik, asook vraatsugtigheid, te vermy. Let asseblief daarop dat die verantwoordelikheid by "ons" geleë is. Moenie van God verwag om alles vir jou te doen nie: "...laat óns ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig."

Besoedeling van... die gees vestig die aandag op innerlike sondes. Dit is sondes van die hart of die gees. Dit word dikwels vleeslike neigings genoem. Hierdie toestand is die gevolg van die sondeval en bestaan ná ons bekering voort. Dit is nie soseer iets waarvan ons vergewe moet word nie, maar waarvan ons gereinig moet word. Sondes van die gees sluit in hoogmoed, kwaadwilligheid, toorn, jaloesie, begeerlikheid, wellus, bese gedagtes ens. Hierdie neigings kan met gedeeltelike sukses beheer word deur 'n sterk poging om hulle te onderdruk. Elkeen wat hierdie metode probeer het, kan ná 'n tyd getuig dat dit soms nie moontlik was om die sondige neigings te onderdruk nie. Ons beste pogings om ons gees te reinig, is dus nie suksesvol nie. Ons moet saam met Johannes stem dat net "die bloed van Jesus Christus... reinig ons van alle sonde" (1 Joh. 1:7). Die bloed is die reinigingsmiddel vir alle sonde. Neem daarvan kennis dat sonde nie 'n deel van die menslike natuur is nie – dit is slegs 'n diep vlek op daardie natuur. Gevolglik kan dit gereinig word. Die Here Jesus het vir die uitdruklike doel na die aarde gekom om vir Hom 'n heilige en rein volk te skep. Die reiniging deur sy bloed is die antwoord op Dawid se ernstige gebed: "Laat die woerde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my Verlosser!" (Ps. 19:15).

Volbring die heiligmaking. Wanneer ons van ons onheiligheid ontslae raak, dan kan ons die heiligmaking in die vrees van God volbring. Jy moet eers van alle besoedeling van die vlees en die gees gereinig word voordat jy die heiligmaking kan volbring. Dit sal jou in staat stel om geestelik verder op te groei tot volwassenheid.



LEERSTELLIGE BESPREKING

Afgesonderdheid is beslis een van die betekenis van die Griekse woord *hagiasmos*. Dit is 'n versoeking vir al God se afgesonderde kinders om met die huidige wêreld vermeng te raak en hulleself sodoende vervolging te spaar. Heiligheidsmense verwerp soms maklik wat 'n ander heiligheidspersoon sê. Die volgende is enkele uitsprake wat oor 'n afgesonderde lewe gemaak is:

In sy boek "Letter to the Hebrews" sê William Barclay die volgende oor Heb. 11:13-16:

"Die vaders het vir altyd as vreemdelinge geleef. Die skrywer aan die Hebreërs gebruik drie duidelike Griekse woorde oor hulle: (a) In 11:13 noem hy hulle *xenoi*. *Xenos* is die Griekse woord vir 'n vreemdeling of 'n buitelandse. In die antieke wêreld was die lotgevalle van 'n vreemdeling baie moeilik, want hy is met haat en veragting aangesien. (b) In 11:9 gebruik hy t.o.v. Abraham die woord *paroikein* (vertoef, of tydelik woon, m.a.w. 'n inwonende vreemdeling). 'n *Paroikos* moes vreemdelingsbelasting betaal omdat hy 'n soort gelisensieerde inwoner was. Hy was altyd 'n buitestaander en alleen op grond van sy betaling 'n lid van die gemeenskap. Die vaders het hulle hele lewe lank aan geen samelewings anders as hulle eie families behoort nie. (c) In 11:13 gebruik hy die woord *parepidemos*, wat 'n bywoner of pelgrim is. In enige gemeenskap is 'n bywoner of pelgrim iemand wat tydelik daar bly omdat sy permanente tuiste iewers anders is."

Dit is sekerlik 'n beskrywing van Christene wat vreemdelinge, bywoners en pelgrims op aarde is. Hierdie lewe is soos 'n brug waarvoor ons loop onderweg na ons ewige tuiste. Dit was nooit die bedoeling dat ons ons permanente woning op die brug moet bou nie! Christene is buitestaanders in hulle eie land en ook in hulle wandel en gesprekke. Dit is waarom hulle afgesonderd lewe. W.H. Griffith Thomas het gesê:

"Wat moet ons deur die uitdrukking *die wêreld* verstaan? Dit is nie die materiële wêreld nie, maar wêreldse instellings wat in opposisie teen God is (1 Joh. 2:15). Dit is die ekwivalent van wat die apostel Paulus "die teenwoordige bese wêreld" noem (Gal. 1:4). Alles wat sondig is, word met die begrip "wêreld" verbind.

Afgesonderdheid en heiligheid moet egter nooit as 'n verskoning gebruik word vir ons versuim om in die wêreld vir die redding van siele te werk nie. Die heilige persoon sal, as hy sy heiligheid deur gebed, vas en gehoorsaamheid behou, van die wêreld geïsoleer wees sodat daar nie 'n kortsluiting tussen hom en die wêreld is wanneer hy daarin beweeg om sy werk te doen nie. Liefde sal hom dring

om in die wêreld uit te gaan en verlore sondeers na Christus toe te roep. Heiligheid is ons stand in die Here en liefde die dinamiese en instaatstellende krag van die Heilige Gees wat ons tot aksie laat oorgaan en ook resultate laat behaal.

Heiligheid in ons harte is deur genade. Ware heiligheid sal sy eie afsondering van die wêreld bring. In ooreenstemming met die mate waartoe ons geestelik afkoel, sal ons weer liefhebbers en nabootsers van die wêreld word.



VRAE EN ANTWOORDE

Hierdie les handel oor die onderwerp van afsondering deur 'n heilige lewe. Jesus het in sy gebed in **Joh. 17:15** gevra dat ons nie uit die wêreld weggeneem word nie, maar dat ons van al die bese dinge rondom ons bewaar sal word. **2 Korinthiërs 6:17** sê dat ons onself van die wêreld moet afsonder. Die volgende vrae en antwoorde het op afsondering van die wêreld deur 'n heilige lewenswandel betrekking:

1. **Wat word deur situasionele etiek bedoel?** Dit is die filosofie dat daar weinig of enige uitdruklik regte of verkeerde antwoorde vir baie van die omstandighede is waarin ons kom. Die situasie of agtergrond van mense help bepaal of hulle aksies en reaksies regverdigbaar of verkeerd is. Daar is geen absolute waarheid nie. Die korrektheid of verkeerdheid van 'n saak kan van een persoon tot 'n ander en van een tydperk tot 'n ander wissel. Menslike opinies is die belangrikste oorweging wanneer daar 'n besluit oor iets geneem word.

2. **Hoe pas situasionele etiek in die Christendom in?** In die hedendaagse kerke is daar baie mense wat deur hulle optrede, houdings en selfs woorde te kenne gee dat daar min, of enige voorskrifte in die Bybel is wat deur alle Christene in die wêreld gevolg moet word. Hulle houding is: Wie is daardie predikant, vriend of familielid om aan mense te sê wat God se voorskrifte vir spesifieke situasies in die lewe is? Die gevolg is dat daar van min bekeerlinge verwag word om hulleself op verskeie lewensterreine duidelik van die wêreld af te sonder – nie net in die eerste paar weke van hulle Christenskap nie, maar selfs ná maande of jare. Die idee word gehuldig dat ander mense nie die reg het om voorskriftelik op te tree nie. As gevolg van mense se beperkte kennis van die wil van God, laat hulle hulself deur omstandighede lei. Ouer, belydende Christene praat selfs van "nuwe lig" wat hulle oor sekere sake gekry het. Hulle beweer dat God se Woord in die veranderde situasies en tye nie meer van toepassing is nie. Omdat die situasie mense se besluite en optrede bepaal, is daar uiteindelik geen verskil meer tussen die sondear en die heilige nie. Hulle lyk almal dieselfde en in baie opsigte tree hulle ook dieselfde op.

Die Bybel het egter duidelike uitsprake oor die saak van afsondering van die wêreld:

- a. **1 Johannes 1:7** sê dat as ons Christene wil bly, ons in die lig moet wandel wat die Here aan ons gegee het. Die lig wat gevolg moet word, kom van God en nie van mense af nie.
- b. **2 Timótheus 3:15-17** en **Psalms 119:11** sê dat die Bybel aan ons voorskrifte kan gee oor hoe om voor God én die mense reg te leef. **Psalms 119:105** sê dat God se Woord 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad is. Dit is dus duidelik dat God se Woord baie oor die eise vir 'n heilige lewenswandel te sê het. Dit het 'n hoër gesag as ons eie opinies (**1 Kor. 14:37**).
- c. **Jakobus 4:17** en **1 Johannes 3:6-10** dui aan dat ons God se reëls vir ons lewe moet volg – die moets én die moenies – anders leef ons in sonde. Ons moet die Bybelse riglyne vir ons lewe eerbiedig.
- d. **Romeine 14:10-12** sê dat ons as individue voor die regterstoel van Christus sal staan om geoordeel te word. Waaroor sal ons geoordeel word? Vir die dinge wat ons in ons lewe gedoen het. God se Woord en die lig wat ons gehad het, sal die norm wees waarvolgens ons geoordeel sal word. Argumente dat dit reg gelyk het om iets te doen omdat ander dit ook gedoen het, sal nie op daardie dag goed genoeg wees nie (**2 Kor. 10:12**).
- e. **Romeine 12:2** en **2 Korinthiërs 6:17** sê dat daar afsondering van die wêreld moet wees. Ons moet nie dink, optree, praat en aantrek soos die bese wêreld nie. Ons is anders! Waarom? Omdat God in ons woon en as 'n heilige God vereis Hy heilige lewens van sy kinders.
- f. **2 Korinthiërs 5:17** sê dat die Christene anders as die sondeers leef. Dit is nie slegs 'n geval van belydenis nie, maar hierdie lewe moet ook besit en uitgeleef word.
- g. **Exodus 23:2** sê: "Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie." In werklikheid maak dit nie saak hoeveel mense 'n sekere ding doen, of dit nie doen nie. As dit reg is, is dit reg; en as dit verkeerd is, is dit verkeerd. Konformisme, of die weiering om te konformeer, maak nie 'n saak reg of verkeerd nie.

Dit is klaarblyklik dat indien 'n persoon heilig voor God én mense wil leef, hy God se reëls moet volg en nie die gewoontes en opvattinge van mense nie. Vir die kinders van God is situasionele etiek 'n gevaarlike norm om hulle lewens daarvolgens in te rig. God se Woord is onveranderlik en absoluut (**Matt. 24:35; 5:18**). Ons moet dit eerbiedig as ons God wil behaag!

3. **Sekere van ons vrae word in die Bybel beantwoord. Op ander vrae is die antwoorde nie baie duidelik nie. Met dit in gedagte, watter riglyne moet ons in die keuses oor ons lewenswyse volg?**

- a. Oortree dit die Woord van God?
- b. Oortree dit die lig wat God my gegee het?
- c. Bevorder of benadeel dit my verhouding met God?
- d. Bevorder of benadeel dit my invloed oor ander mense?

Indien iets God se Woord deur óf die Bybel óf sy lig aan ons oortree, moet ons dit nie doen nie. Ons moet ook weier om iets te doen of 'n keuse te maak as dit ons verhouding met God sal benadeel of ons Christelike invloed sal laat afneem.

4. **Wat is die verskil tussen algemene oortuigings en persoonlike oortuigings in verband met die regte Christelike leefwyse?**

- a. **Algemene oortuigings:** Dit is godgegewe gedragreëls wat vir alle mense geld en word positief of negatief in die Bybel gekonstateer.
- b. **Persoonlike oortuigings:** Dit is godgegewe gedragreëls wat net vir die persoon geld aan wie dit gegee is. Daardie persoon moet dit volg om in die regte verhouding tot God te bly. Hierdie oortuigings is nie op ander mense van toepassing nie en moet dus nie as reëls aan andere verkondig word nie.

5. Om die regte Christelike lewe te kan lei, moet ons die regte houdings, handeling en voorkoms hê. Noem sommige van die algemene riglyne wat gevolg moet word.

Houdings:

- a. Ons moet God volkome liefhê (Matt. 22:37).
- b. Ons moet ons medemens liefhê (Matt. 22:39).
- c. Ons moet deur die geloof lewe, selfs al voel ons nie geestelik nie (Heb. 11:6; Rom. 1:17).
- d. Ons moet God se vrede toelaat om in ons hart te heers (Kol. 3:15).
- e. Ons moet 'n ingesteldheid van barmhartigheid, goedheid, nederigheid, lankmoedigheid en vergewensgesindheid hê (Kol. 3:12-13).
- f. Ons moet die wysheid van God hê wat rein, vredeliewend, vriendelik, onpartydig, vol barmhartigheid en ongeveer is (Jak. 3:17-18).
- g. Ons moenie 'n vleeslike toorn, woede en boosheid hê nie (Kol. 3:8).
- h. Ons moenie bittere afguns en selfsug hê nie (Jak. 3:14).
- i. Ons moet vol ontferming wees (1 Pet. 3:8).
- j. Ons moet hoop en geduld hê (Rom. 12:12).
- k. Ons moenie die wêreld liefhê, of die dinge van die wêreld nie (1 Joh. 2:15).
- l. Ons moet die vrugte van die Gees hê (Gal. 5:22-23).

Handelinge:

- a. Ons moet bid (Rom. 12:12).
- b. Ons moet gasvry wees en in die behoeftes van die heiliges voorsien (Rom. 12:13).
- c. Ons moet diegene seën wat kwaad aan ons doen (Rom. 12:19-20).
- d. Ons moet in andere se vreugde en leed deel (Rom. 12:15).
- e. Ons moet almal gelyk behandel met betrekking tot redding (Rom. 12:16).
- f. Ons moenie kwaad vir kwaad vergeld nie (Rom. 12:17).
- g. Ons moet eerlik wees (Rom. 12:17).
- h. Ons moet, sover moontlik, in vrede met alle mense leef (Rom. 12:18).
- i. Ons moet onself nie wreek nie (Rom. 12:19).
- j. Ons moet ons vyande goed behandel (Rom. 12:20).
- k. Ons moet die kwaad deur die goeie oorwin (Rom. 12:21).
- l. Ons moenie in dieselfde juk saam met ongelowiges trek nie (2 Kor. 6:14).
- m. Ons moet in ons lewenstyl afgeskeie van die wêreld wees (2 Kor. 6:17).
- n. Ons moenie aan die wêreld gelykvormig word nie, maar verander word deur die vernuwung van ons gemoed (Rom. 12:2).
- o. Die woord van God moet ryklik in ons woon (Kol. 3:15).
- p. Ons moet in woord en daad dinge doen wat God behaag (Kol. 3:17).
- q. Ons moet God se wil doen (1 Joh. 2:17).
- r. Ons moet die oue mens aflê en ons met die nuwe mens beklee (Ef. 4:22-24).
- s. Ons moet aan God gehoorsaam wees en nie aan mense se nukke en grille nie (Hand. 5:29).
- t. Ons moenie onder die hoereerders, homoseksualiste, diewe, gierigaards, dronkaards of kwaadsprekers tel nie (1 Kor. 6:9-10).
- u. Ons moenie op die dag van die Here koop of verkoop nie (Neh. 10:31).
- v. Ons moet die sabbat heilig hou (Neh. 13:15-22).
- w. Ons moenie steel of moord pleeg nie (Ex. 20:13, 15).
- x. Daar moet niks tussen ons en die Here wees nie (Ex. 20:3).
- y. Ons moenie God se Naam ydelik gebruik nie (Ex. 20:7).
- z. Ons moet ons ouers eer (Ex. 20:12).

Voorkoms:

- a. Die vrouens moet behoorlik aantrek (1 Tim. 2:9).
- b. Die vrouens moet deur hulle goeie karakter gekenmerk word, eerder as deur uitspattige klere (1 Tim. 2:10).
- c. Die vrouens behoort lang hare te hê as 'n teken van onderdanigheid (1 Kor. 11:15).
- d. Die mans moet kort hare hê (1 Kor. 11:14).
- e. Vrouens moet net vroueklere aantrek, om daardeur duidelik hulle geslag aan te toon (Deut. 22:5).
- f. Die mans moet om dieselfde rede manskere aantrek (Deut. 22:5).
- g. Die vrouens word vermaan om deur 'n stille en sagmoedige gees versier te wees (1 Pet. 3:3-5).

6. Watter houdings moet ons hê om die perke en aard van ons afsondering van die wêreld te bepaal?

- a. Nie my wil nie, maar God se wil moet geskied.
- b. Wees ontvanklik vir enigiets wat God sê. Moenie jou hart verhard en onleerbaar wees nie.
- c. Streef daarna om naby aan die Here te leef en sy wil so nougeset as moontlik te doen.
- d. Indien daar onsekerheid oor iets is, gee aan die Bybelse riglyne die voordeel van die twyfel.

7. Waarom is daar so baie wêreldsgesindheid en bloedarmoede in die kerk vandag? Dit lyk of mense die fokus om God lief te hê en te dien, verloor het. Baie van hulle is selfsugtig en neem 'n houding in van: Dit wat my laat goed voel, sal ek doen! Groot getalle is ook plesier-behep. Ander is materialisties. Ongetwyfeld leef baie van die mense hierdie lewe as gevolg van 'n gebrek aan gebed, Bybelstudie en 'n volle oorgawe om God se wil te ken en te doen. Wanneer die fokus weg van God en sy wil af is, is dit maklik om op dinge ingestel te raak wat in stryd met God se wil is. Geestelike swakheid tree in wanneer God deur die mens en sy programme opsygeskuif word. Die kerk waarin die krag van God ontbreek, is nie in staat om sonde-oortuiging oor verlore siele af te bid nie. Dit kan ook nie sterk oortuigings oor die Christelike lewe afdien deur die prediking skep nie. Die algemene houding is dan dat elkeen sy eie saligheid moet uitwerk en nie sy opvatting op ander moet afdwing nie. Hierdeur ontstaan daar binne-in kerke lewenstyle wat nie in ooreenstemming met God se Woord is nie. God kan nie en Hy sal ook nie sulke mense en kerke seën nie. Geestelike swakheid lei uiteindelik tot geestelike doodsheid.

Die Bybel moedig ons by herhaling aan om God te behaag (1 Joh. 1:7; Jak. 4:17; 1 Joh. 3:6-8). Ons moenie toelaat dat die beginsels van die wêreld die motiverende krag in ons persoonlike en kerklike lewe word nie. Dit moet ons vooropgestelde doel wees om onself van die wêreld en van sonde af te sonder en ons met God en sy wil te verenig!



DIE LEWENSWYSE VAN 'N CHRISTEN

Terwyl die Christen **in** die wêreld is, moet hy nie **van** die wêreld wees nie. Vir hom moet die lewe Christus wees. Of hy eet of drink of enigiets doen, hy moet alles tot die eer van God doen. Jy mag skatte bymekaarmaak, maar net in die hemel. Jy mag daarna streef om ryk te wees, maar dit moet jou doel wees om ryk in die geloof en in goeie werke te wees. Jy mag plesier hê, maar wanneer jy opgewek is, moet jy sing en psalmsing in jou hart tot eer van die Here. In jou gees sowel as in jou ideale, moet jy anders as die wêreld wees. In jou daade moet jy afgesonderd van die wêreld wees. As iets reg is, al verloor jy ook daardeur, dan moet jy dit doen. As dit verkeerd is, selfs al kan jy daardeur wen, moet jy die sonde ter wille van die Here se naam verafsku. Wandel waardig van jou hoë roeping.

- C.H. Spurgeon



DIE DUIWE OP DIE KRAGDRAAD

Buitekant my venster is 'n kragdraad waardeur 'n hoë lading elektrisiteit vloei. Dit is noukeurig geïsoleer van elke paal en ook buite die gewone bereik van mense. As ek daaraan sou raak, sou die dood vinniger as 'n tier se sprong of die pik van 'n giftige slang intree – dit sal so vinnig soos 'n weerligstraal wees.

Tóg sit die duiwe op die draad sonder om enige skade te ly. Die geheim is dat, terwyl hulle aan die hoëspanningsdraad raak, raak hulle aan niks anders nie. Hulle is volkome aan die draad alleen oorgegee.

Vir my is die gevaar daarin dat as ek ver genoeg uit my venster kon leun om die draad te raak, sou ek nog steeds deur die mure van my huis aan die aarde verbind wees. Die krag sou dan deur my liggaam 'n kortsluiting met die aarde maak en dit sou my lewe kos. Die duiwe rus egter geheel en al op die draad en verkeer in geen gevaar nie. Hulle is een daarmee en is veilig.

Die Here wil hê dat ons ons veiligheid in 'n volle oorgawe aan sy krag en liefde moet soek. Dit is wanneer ons met die een hand aan Hom vashou en met die ander hand aan 'n verbode ding van die wêreld, dat ons in gevaar verkeer. Christus het ons beveel om die Here onse God met ons hele hart, ons hele siel en met al ons kragte lief te hê. Geen dubbelhartigheid is aanvaarbaar nie. As ons dít doen, is ons veilig.

- Pillar of Fire